WINTERHOOP/ HOPE FOR WINTER
6 Kempton Road
+27 (0)11 725 0001
E-Mail: winterhoop@mes.org.za
Website: www.winterhoop. org.za

#Hope-is-Here

Junie 2018

NASIONALE WINTERHOOPVELDTOG REEDS IN SY 18e JAAR

Die alombekende Winterhoopveldtog, wat jaarliks, vanaf 1-30 Junie, plaasvind, is reeds in sy 18e bestaansjaar. Lede van die publiek word aangemoedig om hoofsaaklik met die insameling van warm wintersklere, komberse en nie-bederfbare voedsel te help, asook om by plaaslike skuilingsinisiatiewe betrokke te raak.

Dié landswye projek, word deur MES, PEN, Isinkwa Setheku en Torings van Hoop, in samewerking met verskeie kerke en welsynsorganisasies aangebied. "Die koue wintermaande in ons land, bly besonders uitdagend vir arm gesinne en die hawelose persoon op straat. 'n Groot behoefte bestaan vir veral skuiling, warm klere en kos. Met die Winterhoopveldtog, probeer ons om hierdie nood in ons land, op 'n praktiese manier aan te spreek," sê Ds Alan Childs, Hoof Uitvoerende Beampte van MES.

"Die fokus van die projek val op verskeie stede soos Pretoria, Johannesburg, Kaapstad, Durban, Port Elizabeth en Bloemfontein, asook kleiner dorpe, binne die land se streke. Laasjaar het die veldtog meer as 4000 komberse en bykans 1500 musse ingesamel. Die bymekaarmaak van ongeveer 5000 inkopiesakkies, gevul met 'n verskeidenheid van klere en nie-bederfbare kos, is ook deur die veldtog moontlik gemaak. Skuiling is aan 2709 hulpbehoewendes in dié periode verskaf." Alan sluit af: "Namens al die deelnemende welsynsorganisasies en kerke, wil ek u graag aanmoedig om hierdie winter, ons hande te help sterk maak, deur by die verligting van nood betrokke te raak. Saam kan ons hoop en omgee 'n werklikheid maak."

Kontantdonasies is welkom en 18 A belastingvoordeelsertifikate kan uitgereik word, soos benodig. Die Winterhoopbankrekening se besonderhede is:
Winterhoop
ABSA, 632005
Spaarrekening
906 892 5251

'n Fasiliteit bestaan ook vir Snapscan donasies.
Vir meer inligting, oor die spesifieke behoeftes van die veldtog en die verskeie aflaaipunte, besoek gerus die webwerf: www.winterhoop.org, gaan na die Facebookblad: @Winterhoop of skakel Aloma Swanepoel – 011 725 0001 / winterhoop@mes.org.za

Account details: Account Holder: Winterhoop, Bank: ABSA, Branch: 632005, Acc. type: Savings, Acc. Number: 906 892 5251

NPC 1989/004921/08, PBO 9300 03011, NPO 023 603, 18A RG/0012/09/04